

22 Augustus

Ware lewe word in eenvoudige gehoorsaamheid gevind

Skrifgedeelte: Hebreërs 3

Fokusgedeelte: Hebreërs 3:12-15

Daar is mense wat die sin van hulle Christenskap verkieslik in opspraakwekkende ervaringe soek. Indien moontlik, sou hulle graag voor 'n skare 'n "hopelose geval" van sy siekte wou genees of 'n lasteraar met stomheid wou slaan.

In die voorgelese gedeelte toon die Here aan ons dat Christenskap altyd 'n verhewe ervaring is, maar dat daardie verhewenheid met 'n hartsgesindheid van klein wees voor die Here begin. Soos Paulus in 2 Korintiërs 12:10, moet ons ook ontdek dat "groot-wees" in "klein-wees" gevind word.

Dink u nie ook dit is 'n hartseer waarheid dat mense sedert die sondeval 'n halsstarrige onwil openbaar om sensitief in God se teenwoordigheid te lewe nie? Geen voorreg is groter as die voorreg om naby die Here te leef en met vrymoedigheid oor sy magtige werke te getuig nie.

Ja, en tog is dit tragies hoe die meerderheid mense deur al die eeue die pad van ongehoorsaamheid en selfhandhawing verkies:

- Tydens die 40-jaar lange woestynreis aanskou Israel elke dag die Here se reddende teenwoordigheid. Hulle sien (en proe!) hoe 'n geskatte drie miljoen mense daagliks kos en water kry. Die ganse eksodus-gebeure was vir hulle die bewys dat die Here hulle geroep het om sy volk te wees. Tog verkies hulle om liever in ongeloof teen God en Moses in opstand te kom.
- Vir u is Jesus Christus en alles wat Hy vir u gedoen het, die vaste bewys van God se liefde vir u. Gryp daarom gelowig vas aan Hom wat sy lewe gegee het sodat u 'n kind van God mag wees. Wandel met Hom. Moenie deur swaarkry (of deur voorspoed) tot opstand en ontrou verlei word nie!

"Vandag, as julle sy stem hoor ..." Leef eenvoudig en gehoorsaam in God se teenwoordigheid. Dan sal u verstom staan oor die groot dinge wat Hy déúr u en vír u doen!

Sing: Psalm 95:1, 5, 6

Ds. Koos Cloete (Koster)